



Uppie Marketing A110119

« **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie** »



MIELIE
OEMFF®



Naam:

Mielie OEMFF®

Eienskappe (Wat):

'n Fyn, droë hoogs wateroplosbare produk.

Mielie OEMFF®	N	P	K	Mg	S
Makro-elemente (g/kg)	87,6	173,3	28,5	-	-
Sekondêre-elemente (g/kg)	-	-	-	39,2	56,7

Mielie OEMFF®	Fe*	Mn*	Zn*	Cu*	B	Mo
Mikro-elemente (mg/kg)	2 275	1 300	2 025	900	1 817	198

* = cheleerd

Voordele (Hoekom):

- Al is daar genoegsame hoeveelhede voedingstowwe in die grond, kan die mielies om verskeie redes wel tekorte ondervind.
- By die mielieplant vind pluim- en kopiniasie reeds binne die eerste ses weke na opkoms plaas. Vanaf ses weke neem die mielieplant vinnig in grootte toe. Voedingstoftekorte reeds gedurende hierdie vroeë groeistadium kan graanopbrengs benadeel.
- Sekere voedingstowwe is belangriker as ander voedingstowwe gedurende verskillende groeistadiums. Die produk is spesifiek vir mielies ontwikkel om in hierdie behoefte te voorsien en die nodige mikro-elemente is cheleerd.
- **Mielie OEMFF®** verhoog die effektiwiteit van die mielieplant deurdat dit onder andere wortelontwikkeling en bladgroen produksie vir fotosintese bevorder.
- Nodig om net een produk as blaarvoeding in die spuitentek te gooi.

Toediening (Hoe):

Produk	kg/ha	Tyd van Toediening
Mielie OEMFF®	3 tot 4 kg	As blaarvoeding vir algemene groei en ontwikkeling op die 8-12 blaarstadium (4 tot 6 weke na opkoms). Veral een week na 'n glifosaatbespuiting.
	3 tot 4 kg	As blaarvoeding vir veral bestuiwing, bevrugting en graanvul, twee weke voor die pluimstadium.
	8 kg	Kan ook op genoemde stadiums deur oorhoofse besproeiingstelsels gegee word.

Gebruike (Waar):

- **Mielie OEMFF®** bevat makro-, sekondêre- en mikro-elemente in 'n verhouding wat spesifiek voordelig vir mielies is en kan as algemene aanvulling gebruik word indien nodig.
- Is uiters geskik waar mielieplante aan stremming soos versuip/droogte, koue/hitte of ander chemiese middels blootgestel was.
- Kan onder baie hoë grond pH of baie lae grond pH toestande gebruik word waar probleme met spesifieke mikro-elemente verwag word.